BEGELEIDING VAN GEESTELIKE LEIERS WAT GOD SE KUDDE VERSORG

MAART 2015 Nr 66

IN DIE SKADU VAN 'N "SHEPHERD'S TREE"

Die nuwe 09h00 Sondae

Dit is 09h00 op 'n Sondagoggend. Kerktyd. Ons is nie in die kerk nie, maar in een van Bloemfontein se mooi kwekerye. Jy kan in hierdie pragtige omgewing koffie drink, eet en verskeie winkeltjies besoek. Om nie te praat van die verskeidenheid plante, fonteine en lieflike bome nie. Ons eet ontbyt. Ousus vertrek eersdaags Kaap toe en ons kuier saam met haar. By die koffiewinkel langsaan is 'n ooievaarstee. Alles in pienk getooi met familie en vriendinne van die toekomstige ma. Sy groet, lag en geniet elke oomblik terdeë.

Ons sit naby een van die ingange na die kompleks en ek verstom my oor die konstante stroom van mense, gesinne, oud en jonk wat hier instroom. Hierdie uur wat ons almal 'n dekade of wat gelede in die kerk sou wees. Dit dring stadig tot my deur dat Sondag se karakter totaal besig is om te verander en reeds verander het. Die navorsing hieroor word stadig maar seker deur hierdie Sondagoggend bevestig. Sondag is gesinsdag, inkopiedag, ontspanningsdag - sonder die kerk.

Later eindig ons in die *Mall*. Ousus het nog goed nodig voor sy vertrek. Dit is later dié Sondagoggend. Hier is 'n miernes van bedrywighede. Ons staan in toue om te betaal, draai by vol hysbakke om en word deel van die lang wurm op die roltrap wat op en af beur. Dié wat weet sê - koop help vandag se mense - dit is 'n soort terapie, vul 'n onversadigbare leegheid. Vragte pas gekoopte items sal spoedig hulle weg na wagtende motors vind.

Statistiek oor kerkbywoning bevestig hierdie Sondag se beelde. Dit is nie dat mense nie meer kerk toe gaan nie. Hulle gaan egter minder gereeld, een of twee keer per maand in die kwartaaltyd. Die ander dae by die kwekery, die *mall* of tuis.

Ek wonder hoe dit in die toekoms ons bediening aan hierdie mense gaan vorm? Waarheen sal ons moet gaan om hulle te bedien? Die enkeles in die kerk sal nie meer alleen ons aandag verg nie. 'n Sondag dalk nie meer die enigste dag vir 'n erediens nie. Mag ons hiervoor goeie kreatiewe oplossings vind.

Tot volgende Sondag dan, waar jy ookal 09h00 sal wees.

Gerhard Botha

VBO-VOETPAD

18 – 20 MAART: "Gebou om te hou"

(Reeks werkswinkels om die uitdagings van die bediening die hoof te bied). Vier blokke word deur kenners, elk van hul vakgebied, aangebied.

Die werkswinkels is oop vir alle leraars, eggenotes, kerkleiers en belangstellendes!

Blok 1: Die 'Toolbox' van 'n Veerkragtige Leraar
Aanbieders: Drs Annette Prins, Annette Wyers, Ronel van der Watt en mev Rozanne Raath
Plek: BloemCare Konferensiesentrum, Langenhovenpark, Bloemfontein
VBO-Punte: 20 per blok (Totaal 80)

Registrasie: SMS D54582 en u naam na 31029

VBO-Winterweek

22 – 24 JUNIE 2015
Tema: *Jubel en Hoop*
Die volgende tema's vorm deel van die program:

1. Geestelike verdieping
2. Digitale kultuur
3. Veranderende sosio-ekonomiese werklikheid
4. Ekonomie van Ekologie
5. Eenheid, versoening en geregtigheid
6. Kerklike Transformasie

Plek: UV-Kampus, Bloemfontein
VBO-Punte: 30

Registrasie: SMS D16616 en u naam na 31029

Like ons op Facebook:
Shepherd Centre UFS
NB: Die nuutste VBO-inligting word ook op Facebook geplaas.

Fakulteit Teologie UV, *Shepherd* Direkteur: Dr GP (Gerhard) Botha, Programbestuurder: Marina Oberholzer Tel: 051- 401 3995 Epos: shepherd@ufs.ac.za